

[< Terug](#)[WEBWERWE/DIENSTE >](#)

Beeld

[Beeld Tuis > Streekkoerante > Nuus](#)

Mpumalanga: Sy dae van jag is verby

Deur: Aletta Otto
2011-11-11 08:17

Middelburg. – 'n Luiperd is so erg in 'n strik beseer dat baie van sy tande verwyder moes word.

Die luiperd, wat nou maar sowat ses jaar oud is, sal nooit weer in die wildernis vrygelaat kan word nie.

Hy word deur mnr. Deon Cornelius van uBhetyan-o-Africa, langs die Loskopdam-pad net buite Middelburg, versorg. Cornelius het 'n hiëna-teelprojek en het ook onlangs leeus aangeskaf.

“Ek is nou besig om 'n 4,2 ha-kamp vir hom te bou. Hy is nog op medikasie, maar lyk al beter,” vertel Cornelius.

Die luiperd is sowat 'n maand gelede deur hom en mnr. Jannie du Bruyn van die Mpumalanga- parke- en toerismeraad gevang.

“Hy was 'n probleemdiër op 'n plaas langs die Slaghoek-pad in die omgewing. Hy het gereeld die eienaar, mnr. Danie Heyns, se vee gevang. Toe ons hom gaan vang het, het ons juis oorskot van een van die kalwers wat hy gevang het, gebruik om hom in die vanghok in te lei. Maar toe ons hom vang, was die diër in 'n verskriklike toestand,” sê Cornelius.

Volgens hom is die luiperd vroeër in 'n strik vasgevang. Die strik het die hele agterkant van sy lyf oopgeklou.

Die luiperd het ook vermoedelik die strik probeer afbyt en só sy bek ernstig beseer. Sy kloue is ook in die voorval beseer.

“Die kat moes in ongelooflike pyn gewees het, want van sy tande was afgebreek en die wortelkanale was oopgeruk,” vertel Cornelius.

Daar is twee weke gelede op die luiperd geopereer en die beskadigde tande is verwyder.

Dr. Gerhard Steenkamp, wat spesialiseer in diere-tandheelkunde, het die operasie op die luiperd uitgevoer.

Volgens Cornelius sou hulle die luiperd aanvanklik in die Loskop-omgewing vrygelaat het, maar hulle het weens die aard van die diër se beserings daarteen besluit.

Hy is besig met aansoeke vir 'n permanente permit om die diër aan te hou.

“Ons versorg hom so mooi en dit gaan al baie beter. Maar omdat hy nie weer vrygelaat kan word nie, bou ek nou maar vir hom 'n hok wat so na as moontlik aan sy natuurlike habitat is,” sê Cornelius.

Deel: [Email](#) [Twitter](#) [Google](#) [Facebook](#) [del.icio.us](#) [Digg](#)

Meer Berigte in Streekkoerante

- Tshwane: Dak-twis lei tot skade
- Tshwane: Inwoners veg vir erfenisskat
- Tshwane: Nog 'n dag van liefde – en bederf!
- Tshwane: Klim na hoogste piek bring hoop
- Tshwane: Sin vir humor en positiewe natuur stapklub-'vereistes'

[«Terug](#)

[News24](#) | [Sport24](#) | [Wheels24](#) | [Channel24](#) | [Women24](#) | [Food24](#) | [Parent24](#) | [Nuus24](#) | [Volksblad](#) | [isiZulu](#) | [Die Burger](#) | [Beeld](#) | [Health24](#) | [Fin24](#) | [Sake24](#) | [CityPress](#) | [Rapport](#) | [Kenya](#) | [Pricecheck](#) | [Blueworld](#) | [Careers24](#) | [OLX Classifieds](#) | [Property24](#) | [More Services](#)

[HOME](#) | [TERMS](#) | [FEEDBACK](#)

© 24.com

[^ Terug na bo ^](#)